

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
8 Oktober 1978

Onderwerp: Beklee jou met die nuwe lewe

Lees: Kolossense 2 vers 4 tot 3 vers 17

Teks: Kolossense 2 verse 9 en 10

Sing: Psalm 33 verse 2 en 11
Gesang 36 vers 2
Gesang 62 vers 6

“Jesus Christus bo alles! Dit is die opskrif bokant Paulus se brief aan die Kolossense, die opskrif bokant ons belydenis en ons hele lewe.

“Paulus worstel met mense wat ’n verkeerde leer verkondig. Hulle sê: glo in Jesus Christus en hiermee stem Paulus saam, maar dan begin hierdie mense wegdwaal van die waarheid. Hulle sê dat geloof in Jesus Christus nie genoeg is nie. Hulle sê ’n mens kan nie aanvaar dat Jesus Christus alles doen en jy niks nie. Die mens moet ’n bydrae lewer. Vir die Kolossense bestaan dit daarin dat jy jou moet laat besny en ’n lewe moet lei van ‘raak nie, smaak nie, roer nie aan nie...’ (Kol 2:21) Dan eers is jy verlos sê hulle. Hierdie redenasie kom neer op ’n geloof in Jesus Christus, plus ’n bydrae van die mens om jou te verlos van die mag van die Bose.

“Hierteenoor sê Paulus baie duidelik: jy word verlos deur die geloof in Christus Jesus alleen! Deur die geloof alleen het jy deel aan Jesus Christus en sy weldade. Deur die geloof is jy klaar begrawe, is jou skuldbrief teen die sonde aan die kruis gespyker (Kol 2:14) en is jy ook saam met Jesus Christus opgewek. Daarom kan jy sê: ek leef ’n nuwe lewe.

“Broers en Susters, met hierdie stelling staan Paulus lynreg teenoor die dwaalleraars. Paulus sê: ek is verlos. Hierteenoor sê die dwaalleraars: ek moet nog verlos word, omdat my verlossing van my dade gaan afhang.

“Nee, Broers en Susters, Paulus sê ons het in Jesus Christus gesterwe en ons het in Jesus Christus opgestaan tot ’n nuwe lewe. Ons het reeds daardie nuwe lewe.

“Hierdie nuwe lewe, sê Paulus, is saam met Jesus Christus verborge in God: ‘Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.’ (Kol

3:3) Met ander woorde hierdie skat, my nuwe lewe en my verlossing word deur God bewaar. Dit is onaantasbaar en geen mot of roes kan dit bykom en verniel nie.

Hierdie vers beteken terselfdertyd dat my nuwe lewe verborge is en dat ek elke dag hier op aarde moet bekend maak dat ek 'n nuwe lewe leef. Paulus sê ek moet die dinge van daarbo indra in die lewe van elke dag.

“Ek moet dus nie hier op aarde rondsoek na dinge soos die besnydenis, óf die manier van doop, óf vroomheid om in die Hemel te kom nie. Nee! Dit is juis andersom. Paulus sê omdat ons verlossingsskat reeds saam in Jesus Christus daarbo is, moet ons die dinge wat daarbo is, indra in ons aardse lewe.

“Hoe?

“Paulus gee nie vir sy lesers 'n klomp reëls of voorskrifte nie. Nee, Paulus waarsku juis teen die ‘raak nie, smaak nie, roer nie aan nie’ godsdiens.

“Paulus gee beginsels wat hy toelig met sekere voorbeelde. Hoe dra ek die Verlossing en die dinge wat daarbo is, in my lewe van elke dag in? Paulus sê op presies dieselfde manier as waarop jy reeds verlos is. En hoe is jy verlos? Jou verlossing bestaan uit drie dinge: dood, begrafnis en opstanding. Só kry ek die nuwe lewe. Dit is soos 'n saadjie wat in jou tuin vol onkruid geplant is. Hierdie nuwe lewe groei uit die ou lewe vol onkruid wat elke dag doodgemaak en begrawe moet word. Dit is 'n plantjie wat opgroei. Dit is nie meteens klaar uitgegroeï nie.

“Het u dit Broers en Susters? U moet dit in gedagte hou. U kry eers die nuwe lewe van Jesus Christus. Jou lewe begin in Hom as 'n nuwe lewe. Jy word in Hom weergebore; en daarin het jy geen aandeel nie. Dit is 'n daad van God en die Heilige Gees. Dit is soos 'n baba wat by sy geboorte passief is. God die Skepper doen alles.

“Maar nou moet daardie nuwe lewe groei en moet ek hierdie nuwe lewe elke dag in my lewe indra. En as 'n nuwe verlose mens kry jy 'n opdrag. Jy kan nou met Jesus Christus se lewe in jou, aktief word.

“Wat die ou lewe betref, sê Paulus, maak dit dood. In Kolossense 3 verse 5 tot 11 staan: ‘Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, *naamlik* hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom, waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef

het. Maar nou moet julle ook dit alles aflê, *naamlik* toorn, woede, boosheid, laster, skandelige taal uit julle mond. Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper ...' (Kol 3:5-10)

“Paulus sê: maak dood, lê dit alles af, trek uit die ou klere en begrawe dit. Trek julle nuwe klere aan en staan op.

“As Paulus vir ons sê om ons ou klere uit te trek en te begrawe, gebruik hy die verhouding met ons naaste as voorbeeld. Maak dood jou haat teenoor jou naaste. Paulus som dit op aan die hand van God se gebooië:

“As jy ongehoorsaam is (Kol 3:6), oortree jy die vyfde gebod: ‘Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.’ (Ex 20:12)

“As jy jou skuldig maak aan toorn, woede, boosheid en skandelige taal (Kol 3:8), oortree jy die sesde gebod: ‘Jy mag nie doodslaan nie.’ (Ex 20:13)

“As jy betrokke is in hoerery, onreinheid en hartstog (Kol 3:5), oortree jy die sewende gebod: ‘Jy mag nie egbreek nie.’ (Ex 20:14)

“As jy gierig is (Kol 3:5), oortree jy die agste gebod: ‘Jy mag nie steel nie.’ (Ex 20:15)

“As jy lieg (Kol 3:9), oortree jy die negende gebod: ‘Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.’ (Ex 20:16)

“As jy begeer wat nie joune is nie (Kol 3:5), oortree jy die tiende gebod: ‘Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie; of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.’ (Ex 20:17)

“Maak dood hierdie verkeerde praktyke. Hierdie vreemde dinge is soos ’n wurm wat knaag aan die nuwe plantjie. Maak dood jou ongehoorsaamheid en jou onreinheid. Begrawe jou rusies. Maak dood jou wraakgedagtes. Begrawe jou skandelige taal. Maak dood die slegte begeertes en gierigheid.

“Broers en Susters, as ’n mens hierdie dinge in jou lewe nie wil doodmaak en begrawe nie, moet jy jou eintlik afvra of jy nog die skat daarbo soek; of jy nog jou nuwe lewe hoog genoeg ag.

Die Heidelbergse Kategismus beskryf die afsterwe van die ou mens: ‘Wat is die afsterwing van die ou mens? Dit is ’n hartlike berou daarvoor dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons dit nou hoe langer hoe meer haat en ontvlug.’ (Sondag 33 Vraag 89) Dit is

die doodmaak van die ou lewe wat nog in ons oorgebly het en dit bestaan uit droefheid oor sonde, 'n haat vir sonde en ontvlugting van sonde.

“Oor my sonde sal ek my lewe lank bedroef bly. Eers in die lewe hierna sal God die trane van ons oë afdroog. Die droefheid veronderstel 'n skuldbesef. Waar hierdie droefheid ontbreek, is die skuldbesef afgestomp; het die sonde sy verskriklikheid en aakligheid verloor; en is daar vergeet dat sonde vyandskap teen God beteken.

“Hoe dra ek dit wat daarbo is, in hierdie lewe in?
“Deur die ou lewe dood te maak en te begrawe; en die nuwe lewe aan te trek. En Broers en Susters, die bevel kan maar kom, want in Jesus Christus is ons reeds gedood, begrawe en opgewek. Wat dus in ons lewe nog moet gebeur is dit: ons moet elke dag méér en méér word wat ons reeds in Christus Jesus is. Ons moet die wêreld toon hoe die skat lyk wat vir ons in die Hemel bewaar word.

“Die nuwe kleed wat ons moet aantrek, die Christuskleed, word in Kolossense 3 verse 12 tot 17 beskryf: ‘Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid. Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen. En *beklee julle* bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is. En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar. Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here. En wat julle ook al doen in woord of in daad, *doen* alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.’ (Kol 3:12-17)

“Die kenmerk van hierdie Christuskleed is die liefde. (Kol 3:14) Dit is die liefde van God waarmee Hy sy kinders verkies en liefgehad het. Daardie liefde kom woon in jou lewe. Dit is die kleed van innerlike ontferming: bewoëndheid [besorgdheid] oor jou medemens, goedertierenheid [vol genade], sagmoedigheid [teerheid], lankmoedigheid [geduld]. (Kol 3:12) En Broers en Susters, die karakter van hierdie liefde is nederigheid.

“Dié liefde moet ook uitkom in die lering en vermaning van mekaar. (Vers 16) Wie lief het, praat met sy medegemeentelid. Die tug is nie net 'n saak van

die kerkraad nie, maar van elke lidmaat. Wie sy broer en sy suster sien oortree en swyg, wil dus nie in liefde vermaan en bemoedig nie.

“As die vrede van God in julle woon, kan julle nie anders as om in vrede te lewe nie. As ons elke dag die geloof beleef dat Jesus Christus ons vergewe het, kan ons nie anders as om mekaar onvoorwaardelik te vergewe nie. Al het die een teen die ander ’n werklike klag. (Kol 3: 13) Want die Christuskleed as liefdeskleed bedek die sonde wat Jesus Christus vergewe het.

“Wie só lewe, in vrede met God en sy naaste, laat die Woord van God toe om in hom te woon. (Kol 3:16) Hy dra die dinge wat daarbo is op aarde in.

“Daarom trek hierdie nuwe kleed aan. Die ander belangrike kenmerk van die Christuskleed is dat dit ’n dankbaarheidskleed is. Drie keer praat Paulus hier van dankbaarheid. Drie keer is die getal van volmaaktheid; en daarmee wil hy sê: vervolmaak jou lewe deur dankbaar te wees.

“Die eerste keer praat Paulus in die algemeen: ‘... wees dankbaar.’ (Kol 3:15) Die tweede keer praat hy van dankbaarheid in die gemeente. (Kol 3:16) Die dankbaarheid van God se volk moet konkreet uitkom in die gemeente se lied. Die gemeente moet daarvan sing. Die derde keer is dankbaarheid tot God, ons Vader, deur Jesus Christus. (Kol 17:17)

“Broers en Susters, ons lewe moet beheer word deur die ‘as’ in Kolossense 2 vers 20 en Kolossense 3 vers 1: ‘As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het...’ en ‘As julle dan saam met Christus opgewek is ...’ Wie waarlik saam in Jesus Christus gesterf het, dood die ou mens en laat die nuwe lewe in hom sigbaar word. Hy gaan deur die nuwe lewe in Jesus Christus oor tot aksie. Hy trek die nuwe kleed, die Christuskleed aan - die kleed van vrede, vergewing, liefde en dankbaarheid.

“Die proses van daaglikse bekering is gedurig in hom aan die gang. Want ’n dankbare lewe is ’n lewe wat reg vertrek het en in wie daar ’n gedurige vernuwing is. En so maak die Heilige Gees die lewe meer en meer gelykvormig aan die beeld van Jesus Christus - vreugdevol op pad na die lewe sonder sorg. Na ons eintlike blyplek - die Vaderhuis met sy baie woninge.

“Amen.”